**Vroue van Suid-Afrika: "Ons is onkeerbaar"**

**Juliana Claassens***

As 'n feministiese ma sal ek stellig feministiese dogters grootmaak. Hierdie gewaarwording het my onlangs weer getref toe my agtjarige dogter vir 'n my klankgreep van 'n episode van *The Who Was Show* gestuur het wat sy besig was om weer te kyk. *The Who Was Show* is 'n interessante geskiedenisprogram op Netflix waarin 'n groep hoërskoolleerders fassinerende ontmoetings tussen twee waarskynlike, maar terselfdertyd onwaarskynlike bekende historiese persone uitbeeld.

Die episode wat Suzanne so treffend gevind het, en inderdaad waarskynlik een van haar eerste lesse in feminisme was, is 'n uitbeelding van die stories van Susan B Anthony en Frida Kahlo – Susan B Anthony het veral 'n snaar by my dogter aangeroer. Susan B Anthony was reeds van jongs af in staat om na die wêreld te kyk en te sê, "Sjoe, dis verfoes!" en te doen wat sy kon om haar te verset teen die feit dat meisies nie toegelaat is om skool te gaan, eiendom te besit of te stem nie.

Toe Susan B Anthony uiteindelik daarin slaag om haar stem in 'n obsternaat stembus te plaas wat aanhoudend haar stembrief uitgespoeg het, word sy deur 'n polisiebeampte voorgekeer wat haar in hegtenis wil neem. Net dan verskyn Frida Kahlo, wie se verhaal net so genotvol naas dié van Susan B Anthony vertel word, en sê aan die polisiebeampte: "Wag, ons is saam." Saam stap Susan en Frida dan hand aan hand, terwyl hulle vermenigvuldig totdat daar 'n magdom Susanne en Frida's is wat die volgende woorde sing:

> *You can make up lies to slow me down,*
> *but it does not mean I'm going to break my stride.*
> *We're going to step right over it,*
> *we are arm in arm, and side by side …*
> *Because we're picking up speed and we're flying,*
> *straight on a line, unstoppable*
> *We are unstoppable.*

Dit is die liedjie wat my dogter vir my aangestuur het en wat ek gedink het heel gepas is terwyl ons oor die betekenis van vanjaar se Vrouedag (9 Augustus) nadink.

Terwyl ek na die liedjie geluister het, het ek ook aan die boek *Good Night Stories for Rebel Girls* gedink wat ons tans besig is om te lees. 'n Vriendin het dit onlangs as 'n verjaardaggeskenk aan Suzaan gegee, en volgens haar gee sy dit aan al die dogtertjies wat sy ken. Die opdrag van hierdie boek lui:

> *Aan die Rebelse Meisies van hierdie wêreld:*
> *Droom groter*
> *Mik hoër*
> *Veg harder*
> *En wanneer jy twyfel, onthou*
> *Jy is reg.*

Hierdie boek fassineer Suzanne; sy lees dit op haar eie, en slaan die vroue se stories na op die internet. Haar enigste beswaar teen die boek is dat Susan B Anthony nie daarin verskyn nie! Maar sy het met soveel ander rebelse meisies van regoor die wêreld kennis gemaak wat na hul wêreld kyk of gekyk het en sê: "Sjoe, dis verfoes!" Hierdie vroue, jonk en oud, uit ons huidige konteks en uit die verre verlede, wou almal iets kreatief, iets vernuwend, doen om hul wêreld 'n beter plek te maak. Vir hulleself, maar ook vir ander dogtertjies ná hulle. Ons is inderdaad onkeerbaar …

Hierdie liedjie het ook by my opgekom terwyl ek aan ’n ander feministiese dogter gedink het wat ek help grootmaak het. My stiefdogter, Jana, wat op sewejarige ouderdom deel van my lewe geword het en met wie ek epiese gevegte oor feminisme gehad het. “Al hierdie feministiese goed is so jou ding!” het sy my in haar tienerjare toegesnou. Net vir haar om Feministiese Filosofie by my vriendin Louise du Toit te gaan studeer en in die proses het sy ook verlief geraak op Visuele Studies by ’n ander vriendin, Stella Viljoen. Terwyl sy aan die Universiteit Stellenbosch (US) gestudeer het, het ons weer oor feminisme vasgesit, maar hierdie keer het sy my daarvan beskuldig dat ek nie radikaal genoeg is nie! Sy het byvoorbeeld gevra waar ek was toe hulle almal twee-uur in die oggend ’n optog gehou het om “die nag terug te eis” nadat ’n student in een van ons universiteitskoshuise verkrag is!

Jana het onlangs saam met haar vriendin Nicolene ’n potgooi-reeks getiteld *Air It* begin (beskikbaar op Spotify/Apple ITunes – gaan luister daarna, ek is ’n aanhanger en nie net omdat ek ’n baie trotse stiefma is nie). In hierdie potgooie – wat ten doel het om “kontemporêre denkrigtings binne die Suid-Afrikaanse konteks te ontwortel, ontleed en te herdefinieer” – het die twee, albei onlangse alumni van die US (een in die Filosofie, die ander in die Beeldende Kunste), die interessantste, genuanseerde en weldeurdagte gesprekke oor onderwerpe wat op die kwessie van hul eie posisie as wit Afrikaner-vroue vandag betrekking het.

Hulle raak aan kultuur, filosofie en die kunste en voer gesprekke met mede-US-gegradueerdes soos Azille Coetzee, wie se boek *In My Vel* onlangs verskyn het. Coetzee is nog ’n feministiese filosoof wat by Louise du Toit gestudeer het en is tans besig met haar postdoktorale studies in Feministiese Politiek by ’n ander vriendin, Amanda Gouws. Terwyl ek na hul gesprek met Azille oor wit Afrikaner-feminisme, asook na die gesprek met ’n PhD-student van ons Fakulteit Teologie, Ashwin Afrikanus Thyssen, oor queer-teologie geluister het, is ek getref deur die kreatiwiteit en passie waarmee die nuwe geslag denkers, gegradueerdes van die instelling waar ek werk, krities en humoristies na die wêreld en hulself kyk om dít wat so dikwels nie bespreek word nie, aan die lig te bring.

Wat my opgewonde maak oor hierdie voorbeelde wat my so na aan die hart lê en waaraan ek hierdie Vrouedag sal vasklou, is die onderliggende tema van die liedjie wat my dogter vir my gestuur het. Ons is nie alleen nie. Feministiese het nog altyd besef dat ons krag in saamstaan lê – in vroue-optogte regoor die wêreld, en ook in die optog van 1956 toe duisende Suid-Afrikaanse vroue uit alle sfere van die samelewing, van alle kleure en gelowe, saam opgeruk het om aan die regering te sê: “Sjoe, dis verfoes!” As feministe besef ons dit wanneer ons saam met ons feministiese vriende vergader om wyn te drink en te kla, of vir “tee en simpatie” bymekaarkom. En nou sien ek met die feministiese dogters en feministiese studente wat ons grootmaak dat ons dogters en seuns van oor die geslagte heen vir ons sê, “Ons is onkeerbaar,” terwyl hulle die stryd verder voer.

***Prof Juliana Claassens is ’n professor in Ou Testament en hoof van die Gendereenheid by die Fakulteit Teologie aan die Universiteit Stellenbosch.**